

Wiskunde Graad 6 Memorandum

Junie 2017

Vraag 1

1. Voltooi die volgende hoofrekenvrae:

1.1 $30 \times 500 = 15\ 000$

1.2 $56 \div 56 = 1$

1.3 $24\ 595 - 500 = 24\ 095$

1.4 $40 \times 50 = 1000 \times 2$

1.5 $54\ 000 \div 90 = 600$

1.6 $25 \times 32 = 50 \times 16$

1.7 $8 \times 0 \times 7 = 0$

1.8 $20 - (3 \times 5) = 5$

1.9 $48\ 000 \div 1\ 200 = 40$

1.10 $49\ 489\ 574 + 20\ 000 = 49\ 509\ 574$ (10)

Vraag 2

2.1 Gee die waarde van die onderstreepte getal:

2.1.1 $6\ \underline{5}34\ 578$ 30 000

2.1.2 $549,\underline{2}64$ $\frac{6}{100}$ /0,06

2.2 Gee die plekwaarde van die onderstreepte getal:

2.2.1 $1\ 43\underline{7},87$ ene (E)

2.2.2 $925,86\underline{4}$ duisendstes (d) (4)

Vraag 3

3. Vul in >; < of =

3.1 $\frac{5}{6} > \frac{7}{9}$

3.2 $0,7\ l = 700\ ml$

3.3 $4,879\ kl < 4,9\ kl$

3.4 $6\frac{3}{4}\ ure > 400\ min$

3.5 $12,3\ kl < 12\frac{2}{5}\ kl$ (5)

Vraag 4

4.1 Verbind die gewone breuke in kolom A met die ekwivalente desimale breuk in kolom B:

Kolom A	Kolom B
$\frac{4}{5}$	0,08
$\frac{8}{100}$	0,50
$\frac{1}{4}$	0,4
$\frac{8}{20}$	0,80
$\frac{25}{50}$	0,25

(5)

4.2 Herlei die volgende getalle:

4.2.1 $6\frac{7}{8}$ na 'n onegte breuk $\frac{55}{8}$

4.2.2 $9\frac{26}{1000}$ na 'n desimale breuk **9,026**


4.2.3 $\frac{111}{12}$ na 'n gemengde getal $9\frac{3}{12} = 9\frac{1}{4}$

4.1.4 $13\frac{3}{4}$ na 'n desimale breuk **13,75**

4.1.5 0,625 na 'n breuk in sy eenvoudigste vorm $\frac{5}{8}$ (5)

Vraag 5

5.1 Vuurhoutjies word gebruik om vierkante te bou. Bestudeer die patroon en voltooi die tabel.



Aantal vierkante	1	2	3	4	10
Aantal vuurhoutjies	4	7	10	13	31

5.2 Voltooi die volgende getalpatrone:

5.2.1 30,4; 30,3; 30,2; 30,1; 30; 29.9

5.2.2 4,065; 4,075; 4,085; 4,095; 4,105; 4,115

$$\left(\frac{1}{2} \times 10 = 5\right)$$

Vraag 6

6. Skryf die volgende tye as 24-uur digitale tyd:

6.1 8 minute oor 8, nm 20:08

6.2 10 voor 9, vm 08:50

6.3 25 voor 5, nm 16:35

(3)

Vraag 7

7. Die voorwerpe is voorbeelde van drie-dimensionele vorms. Voltooi die tabel:

	Naam van vorm	Aantal vlakke	Aantal rande	Vorm van basis
	Driehoekige prisma	5	9	driehoek
	Reghoekige prisma	6	12	reghoek
	Silinder	3	2	sirkel

(12)

Vraag 8**8. Rond die volgende getalle af:**

8.1 87 098 tot die naaste 100 **87 100**

8.2 435,754 tot die naaste tiende **435,8**

8.3 13,499 l tot die naaste liter **13 l** (3)

Vraag 9**9. Bereken die volgende. Wys al jou stappe volledig:**

9.1 $(32 + 28) - 7 \times 3$

60 - 21

= 39

(2)

9.2 $16 + (5 \times 4) \div 2$

16 + 20 ÷ 2

= 16 + 10

= 26

(3)

9.3 $100\,921 - (68 \times 218)$

Metode soos deur skool voorgeskryf

100 921 - 14 824

= 86 097

(4)

9.4 $1\,476 \div 32$

Metode soos deur skool voorgeskryf

46 res 4

(3)

9.5 $2\frac{7}{8} + 3\frac{7}{12}$

$$5\frac{21}{24} + \frac{14}{24}$$

$$= 5\frac{35}{24}$$

$$= 6\frac{11}{24}$$

(3)

9.6 $5\frac{1}{2} - 2\frac{5}{6}$

$$3\frac{3}{6} - \frac{5}{6}$$

$$= 2\frac{9}{6} - \frac{5}{6}$$

$$= 2\frac{4}{6} = 2\frac{2}{3}$$

(3)

9.7 $\frac{4}{5}$ van 2 ure

$$\frac{4}{5} \text{ van } 120 \text{ min}$$

$$= 24 \times 4$$

$$= 96 \text{ min} = 1 \text{ uur } 36 \text{ min}$$

(3)

9.8 $(2,97 + 13,4) - 9,876$

Metode soos deur skool voorgeskryf

$$16,37 - 9,876$$

$$= 6,494$$

(3)

Vraag 10**10. Los die volgende woordprobleme op:**

- 10.1 Tiaan begin 8 Julie met 'n oefenprogram waar hy elke dag sekere oefeninge moet doen. Die laaste dag van sy oefenprogram is op 27 September. Hoeveel dae duur die oefenprogram?

$$8 \text{ Julie} - 31 \text{ Julie} = 24 \text{ dae (8 Julie tel ook as 'n dag waarop hy oefen)}$$

$$1 \text{ Augustus} - 31 \text{ Augustus} = 31 \text{ dae}$$

$$1 \text{ September} - 27 \text{ September} = 27 \text{ dae}$$

$$\text{Die program duur } 82 \text{ dae}$$

(3)

- 10.2 Vir 'n partytjie koop Lara se ma 'n houer met 5 liter sap. Tydens die partytjie drink die kinders $\frac{5}{8}$ van die sap in die houer. Hoeveel liter sap is nou oor?

$$\frac{3}{8} \text{ van } 5\,000 \text{ ml}$$

$$= 5\,000 \div 8 \times 3$$

$$= 1\,875 \text{ ml} = 1,875 \text{ l}$$

(3)

- 10.3 Werker A verdien R14 per uur en werker B verdien R25 per uur. Werker A kry R588 vir 'n week se werk. Indien werker B dieselfde hoeveelheid ure as werker A gewerk het, hoeveel geld sal hy kry?

$$R588 \div 14 \times 25$$

$$= 42 \text{ ure} \times R25$$

$$= R1\,050$$

(4)

- 10.4 'n Atletiekbyeenkoms begin 07:45 en duur tot 13:20. Hoe lank duur die byeenkoms?

$$13:20 - 07:45$$

$$07:45 - 08:00 = 15 \text{ min}$$

$$08:00 - 13:00 = 5 \text{ ure}$$

$$13:00 - 13:20 = 20 \text{ min}$$

$$\text{Die byeenkoms duur } 5 \text{ ure } 35 \text{ min}$$

(3)

- 10.5 Anita wil 156 sjokolades aankoop om by haar skool se entrepreneursdag te verkoop. Die sjokolades word verkoop in pakke van 12 sjokolades elk. Indien een pak sjokolades R90 kos, hoeveel sal Anita vir die 156 sjokolades betaal?

$$\begin{aligned}
 &156 \div 12 \times R90 \\
 &= 13 \times R90 \\
 &= R1\ 170
 \end{aligned}$$

(4)

- 10.6. Oupa se motor ry 9 km op 'n liter brandstof.

10.6.1 Hoeveel liter brandstof sal die motor gebruik indien oupa 882 km gaan ry?

10.6.2 Indien 1 liter brandstof R12,50 kos, hoeveel gaan oupa vir die reis betaal?

$$\begin{aligned}
 10.6.1 \quad &882 \text{ km} \div 9 \\
 &= 98 \text{ l} \\
 \\
 10.6.2 \quad &98 \text{ l} \times R12,50 \\
 &= R\ 1225
 \end{aligned}$$

(4)

- 10.7 Mev. Kemp se inkopiesakke weeg onderskeidelik $1\frac{3}{4}$ kg en $2\frac{5}{6}$ kg. Wat is die totale massa van die twee inkopiesakke?

$$\begin{aligned}
 &1\frac{3}{4} \text{ kg} + 2\frac{5}{6} \text{ kg} \\
 &= 3\frac{9}{12} + \frac{10}{12} \\
 &= 3\frac{19}{12} \\
 &= 4\frac{7}{12} \text{ kg}
 \end{aligned}$$

(3)

TOTAAL: 100

Hierdie vraestel toets die grootste gedeelte van die werk wat in die eerste twee kwartale van die skooljaar behandel is.

Die vraestel is langer as 'n standaardvraestel.